# DIE BEPLANNING EN OPSTEL VAN 'N MODULE IN GESKIEDENIS*

*Mnr. A. Brand*
*Laerskool Mikro*
*Kuilsrivier*

> "Not to win a race,
> not to defeat a rival,
> but to pace one another
> on the road to excellence."
>
> Leuse: Skotse Eisteddfod

## A. 'N TOEKOMSGERIGTHEID IN DIE AANBIEDING VAN GESKIEDENIS

Dit is 'n voortdurende proses wat gerig is op die verbetering en vernuwing van die bestaande kurrikulum. Die DOEL is om effektiewer leer- en onderrig moontlik te maak. In die toekoms sal daar heelwaarskynlik 'n kernsillabus aan skole verskaf word waarin voorsiening gemaak sal word vir die minimum waarop elke leerling geregtig is.

So 'n kernsillabus kan uit die volgende elemente bestaan: vakintegriteit, vakrasionaal, mikpunte, doelstellings en 'n studieprogram. Hieruit kan 'n skool sy eie onderrigprogram (jaarbeplanning, vakbeleid, benadering) saamstel.

### 1. VAKINTEGRITEIT

Dis 'n logiese, eenvoudige en bondige uiteensetting van die eiesoortige WESE van die vak: terrein, aanbieding en evaluering. Hieruit word die vakrasionaal saamgestel.

### 2. VAKRASIONAAL

Dit is die DOEL/MISSIE van die vak wat verklaar waarom dit deel is van die kurrikulum.

### 3. MIKPUNTE

Die mikpunte vorm die kern van die onderrigprogram. Dit is as't ware 'n kombinasie van doelstellings en doelwitte wat leerlinge aan die einde van die fase behoort te bereik of te verwerf. Elkeen verteenwoordig 'n reeks vermoëns wat noodsaaklik is vir die ontwikkeling van historiese kennis, begrip en vaardighede. Die mikpunte berus op opvoedkundige gronde, terwyl die inhoud daarvoor op historiese gronde geselekteer word om dit te bereik. Op grond hiervan kan skole hul eie onderrigprogram saamstel ter wille van relevansie en praktyk. Dit maak onderwys doelwitnastrewend.

Die volgende drie mikpunte, wat nou verweef is met mekaar, behoort deurlopend ontwikkel te word:

- Historiese ondersoek en verslaggewing
- Historiese interpretasie
- Historiese kennis/begrip

#### 3.1 Historiese ondersoek en verslaggewing

ONDERSOEK behels die soek, insamel, onthou, opteken en beoordeel van bewyse uit historiese bronne, m.a.w. die verkry en evalueer van bronne en getuienisse.

VERSLAGDOENING is die verduidelik, beskryf, oordra en bekendmaking van die resultate van ondersoek. Historici moet logies, duidelik en akkuraat oor die verlede dink, skryf en praat.

Leerlinge behoort geskrewe, visuele en mondelinge bronne te gebruik. 'n Bron is 'n voorwerp/plek waar historiese getuienisse gevind kan word of

*Referaat, S.A. Vereniging vir Geskiedenisonderrig, 1994-10-01

waar dit gestoor word. Sommige bronne is meer bruikbaar as ander, en kan gebruik word om met mekaar vergelyk te word.

### 3.2 Historiese interpretasie

Die verlede kan op verskillende maniere voorgestel of geïnterpreteer word. Daar bestaan redes daarvoor. Om bronne te verstaan, is al reeds interpretasie! Die waarheid en perspektief moet nagejaag word.

Daarvoor het mens natuurlik empatie nodig. Dit is die identifisering van jouself met die gevoelens/gesindhede van ander mense sodat jy jouself in iemand anders se skoene kan plaas. Dit beteken nie dat jy met hulle moet saamstem nie, maar dit help jou om hul optrede behoorlik te interpreteer.

### 3.3 Historiese kennis/begrip

Dié mikpunt verskil effens van die ander twee mikpunte, wat veral gemoeid is met die verwerwing en beoefening van vaardighede. Leerlinge moet ook geleer word om die resultate van hul historiese studie te kan organiseer en herroep. Tog is al die mikpunte nou verweef met mekaar en oorvleueling vind plaas. Dié mikpunt word in vyf spesifieke komponente verdeel.

#### 3.3.1 Verandering en kontinuïteit

Verandering: Dinge verander met verloop van tyd
Kontinuïteit: Dinge bly dieselfde met verloop van tyd.

#### 3.3.2 Oorsake en gevolge

Een geleentheid/gebeurtenis gee aanleiding tot 'n ander. 'n Gevolg kan meer as een oorsaak hê - en andersom.

#### 3.3.3 Kronologie/tyd

Tyd: Verlede, hede, toekoms moet nie net gemeet word nie, maar dit moet ook verstaan word.

Kronologie: Gebruik datums/tyd om gebeure in die korrekte volgorde te kry.

Anachronisme, die deurmekaar gebruik van tyd, moet vermy word.

#### 3.3.4 Invloed van die omgewing


Die omgewing (ligging, fisies, klimaat, plantegroei) verskil van plek tot plek. Die plek verander nooit nie, maar die omgewing verander met verloop van tyd. Sekere dinge in die omgewing verander egter nie.

#### 3.3.5 Eienskappe van verskillende tydperke

Vergelyk historiese situasies en periodes met mekaar. 'n Vereiste hiervoor is om die agtergrond en leefwyse van mense uit spesifieke tydperke/samelewings te verstaan. Daar moet ook verstaan word hoe sulke samelewings gefunksioneer het.


## HISTORIESE ONDERSOEK, VERSLAGGEWING EN INTERPRETASIE

### A. NDEBELES



Mzilikazi (meaning elephant bull) was born ± 1795. He became a regimental leader in Shaka's army. In 1821 he rebelled against Shaka by withholding stock, which he had captured in battle, for himself. He then fled across the Drakensberg with ± 200-300 supporters.
By 1829 his Ndebele Empire already consisted of 60 000 - 80 000 members. He had more or less unlimited power. His greatest threats were the Korannas and Griquas (armed with guns) from the south and the Zulus from the east. In 1833 he established his empire between the Marico and the Crocodile Rivers and built great kraals, e.g. Mosega. The constant attacks troubled him and he gave his indunas, under the leadership of Kalipi, orders to punish any strangers who entered his country from the south or the east.

**1. Make use of any 3 sources, of which this module may be one, and explain by means of the following comic strip why you (Mzilikazi) would rather stay in the Western Transvaal than in Natal. Be sure that you use reliable sources!**




| SOURCES: AUTHOR | | TITLE | p. |
|---|---|---|---|
| a. | | | |
| b. | | | |
| c. | | | |

KONTINUÏTEIT EN VERANDERING


HERE IS A GLORIOUS BRAIN TEASER TO END THIS MODULE. SEE IF YOU CAN CONNECT COLUMN A WITH COLUMN B! HINT: CERTAIN THINGS IN HISTORY CHANGE - OTHERS ALWAYS STAY THE SAME ...

A Xhosas Dingane Basutos «Potjie»

B



OORSAKE EN GEVOLGE




From: Graves, Pionierspore 3, p. 123.

(Can you see how much land the Xhosas lost on account of the borders continuously being shifted?) The Empire of the Xhosas came about when small chieftains and family groups were united into a royal tribe. The chief of this royal tribe became the king of everybody. Later wars took place between these different groups.

THE CAPE'S EASTERN FRONTIER UP TO 1835: CHRONOLOGICAL REVIEW

**1807:** Clash between Ndlambe and Ngqika. Ndlambe wins the battle.

**1809:** Maj. Collins investigates conditions at the eastern frontier. He suggests that the Xhosas be driven across the Fish River.

**1811-1812:** Fourth frontier war. Ndlambe and Chungwa driven from the Suurveld.

**1817:** Governor Somerset travels to the eastern frontier. Negotiates with Ngqika; offers military aid against Ndlambe if the former takes steps against stock thieves.

**1818:** Ndlambe defeats Ngqika in the battle of Amalinde (October). Governor Somerset sends troops to help Ngqika. Ndlambe invades the colony.

**1818-1819:** Fifth frontier war. Ndlambe attacks Grahamstown. Xhosas defeated and fled across the Keiskamma River.

**1828:** Ndlambe dies. Succeeded by Mdushane who dies in 1829.

**1829:** Ngqika dies. Succeeded by Sandile.

**1828-1833:** Governor Cole changes spoor-system. Drives Maqoma from the neutral zone. Kat River settlement established (1829).

**1833:** Civilian commandos abolished.

**1834-1835:** Sixth border war. Hintsa killed. Governor D'Urban creates the province of Queen Adelaide. British authorities condemn this.

From: H.J. van Aswegen, Geskiedenis van S.A. tot 1854, p. 221.

## P.S.S. FOR YOU

This will help you to understand the view of each group. Make the decisions in your group!

* Select 3 causes of the frontier wars.

________________________________

________________________________

________________________________

* Underline what you think is the most important cause, according to you.

* Now write 3 solutions for this problem.

________________________________

________________________________


________________________________

________________________________

* Underline the best solution. Easy, isn't it!

KRONOLOGIE EN TYD


a.



b.



c.



d.

In some black townships an AK47 is rented at R50 per night or morning.


From: Insig




f




e



g



1. Name the weapon of each group.

a. ________________________________________

b. ________________________________________

c. ________________________________________

d. ________________________________________

e. ________________________________________

f. ________________________________________

2. Why is there a difference between the type of assegai in (a) and (c)?

INVLOED VAN OMGEWING

**2. Study the following descriptions by James Backhouse, a member of a pioneer family, and answer the questions which follow:**


Just before dark we see something which looks like a white person's dwelling; we go to them to ask the way. It was a wattle-and-daub house. We are invited to spend the night and we accept with grace. The house is built from poles and reeds and plastered with clay. The furniture consists of a low bed, two wagon boxes serving as tables, two field chairs, an ordinary chair, a konfoor on which the housewife rests her feet, a few iron saucepans, another one with holes in the sides in the middle of the floor in which a small wood fire burns. There is also a kettle, a rifle, a few smaller objects and a roll of skins on which the children sleep.

The people had left the colony a year ago. The woman does not want to move on, in order to have her children properly baptized and married ... Seeing that they had found an abandoned farm they had settled here, erected a few outbuildings and a cooking-screen from reeds ... The clothes of the man and the boys are mainly made from tanned antelope skins.


The bread which I had brought along was a great delicacy for the farmer's family. The venison with cooked sorghum which we ate that evening was also to our taste ...

From: J. Olivier, Swart op Wit, p. 44.

Outside the camp



Inside the tent



(a) With which **animals** did they farm?

______________________________________________

(b) Why did they have to **pitch camp** regularly?

______________________________________________

(c) Can you prove that they had been on the move for a **long time**?

______________________________________________

(d) What is the most **useful furniture** of the pioneer? Why?

______________________________________________

EIENSKAPPE VAN TYDPERKE

2. Divide into your **groups** for five minutes. Consider all factors (CAF) and help Shaka to draw up 5 important **rules** for his impis when they had to attack the enemy. Each group leader may then report back to the class.



3. Design a proper **substitute** for a blanket in an ordinary Zulu hut. **Make use of local materials. Let your friend evaluate your attempt.**

COMMENTS ______________________________

MAKROBEPLANNINGSBLAD

1. VAKINTEGRITEIT

1.1 Terrein (domeine)

Geskiedenis behoort gesien te word as pogings om die mens se rol in die verlede te ondersoek, te interpreteer en daaroor verslag te doen. Binne die vak Geskiedenis behoort leerlinge ook op ander ervaringsterreine, wat relevant is in ander vakke, te fokus. Dit word trans-kurrikulêre temas of fokuspunte genoem. Dit beteken dat korrelasie met ander vakgebiede, begrippe en vaardighede moet plaasvind. Dit dra daartoe by om leerlinge te leer om perspektief te ontwikkel.

- Geskiedkundig (polities)
- Wetenskaplik (ekonomies, tegnologies, intrepeneurskap)
- Geografies (kultuur, omgewing, esteties)
- Sosiaal (gesondheid, menseverhoudinge, godsdiens)
- Ander: loopbane, tale, media.

1.2 Aanbieding

Geskiedenis is historici se pogings om die verlede beter te verstaan. Ons kan nooit die volledige verhaal van die verlede saamstel nie. Daar is egter genoeg bewyse van menslike aktiwiteite in die verlede met behulp waarvan historici kennis kan skep. Dus het Geskiedenis nie uitsluitlik te doen met die verlede, of met die oordra van aanvaarbare feite oor die verlede nie, maar ook met wat die historikus daarvan dink. Daarom is Geskiedenis nie lyste datums, name, vanne, gebeure en onsamehangende feite nie. Dit is beslis nie 'n doellose studie sonder oorsprong nie.

1.3 Evaluering

Dit behoort aan die volgende kriteria te voldoen:

Relevansie: 'n Volledige inligtingsprent van 'n leerling se bekwaamhede (hoof, hart, hand) behoort opgebou en gebruik te word.

Balans: Proses- en produkgerigte evaluering is 'n meer 'n getroue weergawe van leerlinge se vermoëns.

Differensiasie: Wissel evalueringsmiddele af: mondeling, skriftelik of prakties - met ruimte vir subjektiewe en objektiewe denke.

Geldigheid: Evalueer leerlinge t.o.v. spesifieke doelwitte en mikpunte.

Kontinuïteit/progressie: Diagnosties-remediërende evaluering wys waar vaslegging/verryking nodig is.

2. VAKRASIONAAL

Geskiedenis is die ondersoek en interpretasie van verslaggewing oor die verlede. Dit behoort leerlinge te help om hulle eie identiteit te ontdek, asook waardes

wat vir hul in die toekoms van belang kan wees, te ontwikkel.

3. MIKPUNTE

3.1 Historiese ondersoek/verslaggewing

- Onderskei tussen denkbeeldige/werklike karakters/gebeure.
- Bekom spesifieke bewyse uit die 3 tipes bronne.
- Doen verslag op 'n duidelike, logiese en akkurate wyse.
- Selekteer/organiseer die inligting uit verskillende bronne - bied dit uit verskillende oogpunte aan.

3.2 Historiese interpretasie

- Beoordeel die waarde/bruikbaarheid van 'n bron.
- Verstaan (met empatie) en verduidelik verskillende standpunte/verklarings oor die verlede.
- Verskaf redes waarom vertellings oor die verlede verskil.
- Onderskei tussen 'n feit en 'n mening.

3.3 Historiese kennis/begrip

- Bewys sekere dinge het verander - ander bly dieselfde (verandering/kontinuïteit).
- Gee redes vir gebeure - bepaal gevolge daarvan: lang-, korttermyn ( oorsake/gevolge)
- Meting, verstaan van tyd (Kronologie/tyd)
- Plaas gebeure/voorwerpe in volgorde (Kronologie/tyd)
- Invloed van omgewing op mense, gebeure (omgewing)
- Onderskei verskille/verbande tussen verskillende tydperke (tydperke).

| MESOBEPLANNINGSBLAD | | | |
|---|---|---|---|
| VAK | Geskiedenis | St. | 4 |
| ONDERWYSER | A. Brand | Jaar | 1995 |

DOELSTELLINGS

- Ontdek dat Geskiedenis die ondersoek, interpretasie en verslaggewing van die verlede is. (1)
- Vestiging en -migrasie van die verskillende bevolkingsgroepe in die S.A. BINNELAND van 1800-1900 ter wille van grondbesit. (2)
- Beleef die oorsake, voorbereidings, trek self, konflikhantering en gevolge van die GROOT TREK - en interpreteer dit histories korrek. (3)
- Demokratiese ontwikkelings, weerstandspolitiek en nuwe regeringstrukture vanaf 1910 tot vandag. (4)
- Die bydrae van MYNE/INDUSTRIEë tot die ekonomiese ontwikkeling van die R.S.A. (5)
- Redes vir die ontwikkeling van die KOMMUNIKASIEMEDIA, die bydraes van mense en die voordele daarvan vir die mensdom. (6)

MODULEBEPLANNING

1. Wat is Geskiedenis?
2. Die Mfekane
3. Die Groot Trek
4. SA se weg na demokrasie
5. Die verhaal van myne/industrieë in SA
6. Die ontwikkeling van kommunikasiemedia

JAARBEPLANNING

| Kwartale | 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|---|
| Modules | | | | |

## UITTREKSEL UIT 'N MIKROBEPLANNINGSBLAD

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| VAK/ST. | Geskiedenis 4 | | Onderwyser | A. Brand |
| Module | 1 | SA binneland teen 1835 | Datum | / |

| DOELWITTE | | KERNINHOUD |
|---|---|---|
| In die module kan julle: | | |
| 1. | M.b.v. 'n kaart en tydlyn aantoon hoe die eerste mense in SA aangekom het. (p. 1) | - Swartmense: Midde-Afrika<br>- Blankes: Europa<br>- Bruinmense: Ondertrou<br>- Indiërs: Indië |
| 2.1 | Leerlinge moet met behulp van sketse hulself in 'n Xhosa se daaglikse leefwyse indink en dit aan die klas verduidelik. (p. 2) | - sketse oor dagprogram |
| 2.2 | Leerlinge moet 'n P.O.S. doen om die probleme tussen die Xhosas en Blankes te bepaal en oplossings daarvoor voor te stel. (p. 3) | - verskillende leefwyses, grond, ruilhandel<br>- onderhandelinge<br>- Mandela (A.N.C.) |
| 3.1 | Leerlinge moet 'n leesstuk voltooi oor die geskiedenis van die Zoeloe-volk. (p. 5) | - Dingiswayo: Mtetwa<br>- Shaka: Zoeloes<br>- Dingane: Mgungundlovu<br>- Buthelezi (I.V.P.) |
| 3.2 | Leerlinge moet in groepsverband 'n LOAF doen oor Dingane se reëls by Mgungundlovu. (p. 5) | - besoek hoofkraal ongewapen<br>- vrou werk op lande/kos<br>- gehoorsaam sangoma |
| 3.3 | Die leerlinge moet die Zoeloe se bulhoring - aanvalsformasie m.b.v. 'n skets en leesstuk verduidelik. (p. 5) | - jong krygers - kante<br>- ervare krygers - middel<br>- res - agter |
| 3.4 | Die leerlinge moet 'n behoorlike plaasvervanger vir 'n kombers in 'n Zoeloehut ontwerp. (p. 5) | Kriteria:<br>- plaaslike beskikbare materiale<br>- werkbaar/prakties |
| 4. | Die leerlinge moet drie bronne ontleed en daarna m.b.v. 'n strokiesprent verduidelik waarom die Ndebeles hulself in W. Tvl. gaan vestig het. (p. 7) | - Mzilikazi aanvoerder vir Shaka<br>- steel beeste<br>- vlug met ± 300 mense<br>- Mosega/Kapain |
| 5. | Die leerlinge moet verskillende sketse en artikels bestudeer om die waarheid oor die Basoetoe uit te vind. (p. 7, 8) | - Thaba Bosiu/Mosjesj<br>- Slim/Skelm<br>- vertellings oor verlede verskil (waarom?)<br>- Lesotho |

## B. BEGRIPSVERKLARING VIR DIE TERM MODULE

True learning can only take place when the pupils find the word fun, meaningful and stretching.

- Modules is niks nuuts nie! In literatuur is daar reeds in 1971 geskryf oor modules as 'n kurrikulumontwikkelingsmetode.

- 'n Module is 'n eenheid wat leer ten doel het (leereenheid) of 'n stel leereenhede wat saam 'n leerkursus uitmaak. Dit sluit doelwitte, inhoud en evaluering in.

- Die belangrikste verskil tussen 'n hoofstuk en 'n module is dus dat eersgenoemde in wese afdelings is waarin 'n geskrif verdeel is.

## C. 'N MODULE KAN UIT DIE VOLGENDE KOMPONENTE BESTAAN

| | |
|---|---|
| 1. Voorblad | 5. Geheuekaart |
| 2. Mikrobeplanningsblad | 6. Toets |
| 3. Inhoud | 7. Evalueringstabel |
| 4. Inligtingsorganiseerders | 8. Bronnelys |

1. Die gekleurde VOORBLAD verskaf die modulenaam, -nommer, standerd.

2. Die MIKROBEPLANNINGSBLAD (inhoudsopgawe) bestaan uit 'n doelwitraamwerk (links) met die kerninhoud (regs) langsaan.

(Omdat ons die inhoud gebruik om bepaalde opvoedkundige mikpunte te bereik, wat afgelei is vanaf vakinhoude, is dit belangrik dat daar ter wille van duidelikheid vir die onderwyser, kind, ouer doelwitte verskaf word.)

* Hier verduidelik u in eenvoudige taal wat die leerlinge se reaksie/handeling in die module behoort te wees.
* Die aksie-werkwoord verwys na die leerling se reaksie - dit moet meetbaar en realisties wees.
* Leerlinge: Formuleer doelwitte duidelik en presies - sodat dit vir die kind en sy ouer verstaanbaar is. Die leerling gebruik dit ook om sy geheuekaart te voltooi.
* Onderwyser: Doelwitte moet lei tot ontwikkeling van leerlinge se hoof, hart en hand. U kan self besluit of u dit m.b.v. kennis, begrip of vaardighede wil ontwikkel.
* Die doelwitte bepaal dan ook u lesstruktuur, onderwysmetodes, -media en tipe evaluering. (dag-/week-beplanning)

3. Versamel alle nodige inligting en begin nou die INHOUD (teks) skryf. 'n Module kan as 'n eenheid/geheel aangebied word, of in eenhede/lesse opgedeel word. Bied dit so kindvriendelik as moontlik aan.

   * Vir elke module-doelwit behoort daar 'n teksgedeelte of aktiwiteit te wees. (Verband tussen doelwit en inhoud)

   * Leerlinge behoort hierdie basiese kennis, begrip en vaardighede ook in eie ervaring aan te wend om die beoogde doelwitte te bereik.

4. Maak voorsiening vir INLIGTINGSORGANISEERDERS (vrae) om dit wat die doelwit beoog, vas te lê. (Probeer dit interessant aanbied, en gebruik verskillende denkvlakke en vraagtipes. Pasop om die inhoud te versnipper.)

5. Onthou die GEHEUEKAART n.a.v. die mikrobeplanningsblad. Die woorde in blokletters in elke doelwit vorm die opskrifte in die geheuekaart.

6. Sluit af met 'n TOETS waarin u evalueer of die aanvanklike doelwitte vir die module vasgelê is.


7. Maak ook voorsiening vir 'n EVALUERINGSTABEL waarin die leerling se toets- en modulepunte ingevul word sodat sy ouers dit tuis kan onderteken. Dit vorm deel van die voorblad.

8. Onthou om 'n volledige BRONNELYS te verskaf waar u bronne direk gebruik het. (kopieregwet!)

(Nota: Dit is altyd goed om 'n memorandum van die module beskikbaar te hê as dit saam met ander kollegas aangebied word.)

> Jy moet eers self jou kennis gebruik
> voordat jy daaroor beskik:
> anders bly dit slegs reproduksie. ("banking system")
> - Paulo Freire (Brasilië)



| EVALUERINGSTABEL | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Voltooi vir | | | | | | | | |
| PUNT | 20 | | 😐 1 | ☺ 2 | ☺ 3 | ☺ 4 | | |
| Volledige inhoud | | | | | | | | |
| Begrip en logiese aanbieding | | | | | | | | |
| Taalversorging | | | | | | | | |
| Tegniese versorging | | | | | | | | |
| Kreatiwiteit/moeite | | | | | | | | |
| KOMMENTAAR | | | | | | | | |
| Datum | | | Gekontroleer | | | | | |
| TOTAAL | | % | TOETS | | % | MODULE | | % |

## D. 'N MODULE BEHOORT AAN DIE VOLGENDE KRITERIA TE VOLDOEN

1. RELEVANSIE

Interpreteer sillabus tot lewensnabye en aktuele inhoud, korrekte en jongste inhoude, kultuurgroep-/geslags-vriendelik, hul belangstellings-/ervaringsveld.

2. BALANS

Kennis/Begrip/Vaardighede, illustrasies/teks, verryking/vaslegging, kort- en langvrae, funksionele en duidelike illustrasies, kernteks.

3. DIFFERENSIASIE

Standaard, diepte van studie, omvang, verskillende denkvlakke, inligtingsorganiseerders/vrae, doelwitte: hoof, hart, hand, onderwysmetodes, aktiwiteite, korrelasie t.o.v. ander vakke.

4. GELDIGHEID/SINVOL

In pas met makro/mesobeplanning, behoorlike mikrobeplanning, toets/aktiwiteite wat doelwitte evalueer, duidelike opdragte, sleutelopskrifte, korrekte navorsing, nie spasie oor-/onderbenut, tegniese versorging, geskikte taalvlak.

5. PROGRESSIE/KONTINUÏTEIT

Voortbou op reeds verwerfde inhoud/nuwe inhoude, konkrete na abstrakte, logiese orde en beplanning, tematies.

> There is nothing quite as useless
> as doing something effectively
> that should not have been done at all!!!
> - Drucker


Failing to plan
is planning to fail!






E. 'N GEBALANSEERDE EVALUERINGSPROGRAM

"Teaching can only be justified in terms of its success in helping the students attain the state described in the objectives."
- Dr A. Carl (US)




1. EVALUERING EN METING

- Meting is die fisiese afneem van toetse/eksamens om te bepaal of leerlinge sekere inhoude bemeester het.

- Evaluering weerspieël die LEERLING se vordering - en wys ook vir die ONDERWYSER in watter mate sy doelwitte aan die begin van die module(s) bereik is. (Dit toon dus aan in watter mate beide sukses behaal het - of nie.)

## 2. TIPES EVALUERING
(Omsendbrief 21/1984 - K.O.D.)

### 2.1 Aanvangsevaluering

Aan die begin van die jaar behoort sekere data t.o.v. die leerling, (binne-, buitemuurs) leerinhoud en leeromgewing ingesamel te word sodat beplanning daarvolgens gedoen kan word.

### 2.2 Proses- (Deurlopende) evaluering

Hoofdoel: Ontwikkeling van vaardighede - veral denkvaardighede.

Wanneer: Vind plaas tydens onderrig-leerproses.

Inhoud: Kwalitatiewe beskrywing van leerling se prestasie, want die klem val op bemeestering/bekwaamheid van die totale kind.

Kriteria: Leerling word hoofsaaklik beoordeel t.o.v. geldige kriteria - soos vakvaardighede.

Resultaat: Leerling se sterk-/swakpunte word vroegtydig vasgestel en verbeter.

Gebruik: Vorm 50% van die totale punteverdeling van die vak.

### 2.3 Produk-(eind) evaluering

Doel: Kennisverkryging - ongeag hoe dit bereik word.

Wanneer: Opsommende evaluering wat plaasvind aan einde van onderrig-leerproses.

Inhoud: Kwantitatiewe beskrywing van sy prestasie, want die klem val op sy akademiese vordering in 'n vak.

Kriteria: Leerling word hoofsaaklik beoordeel t.o.v. die groepklasgemiddeld.

Resultaat: Die produk/leerwins wat behaal word, word geëvalueer.

Gebruik: Vorm 50% van die totale punteverdeling van vak.

## 3. KRITERIA VIR OORWEGING TYDENS EVALUERING

### 3.1 Relevansie

Denke is meer waardevol as geheue.

- Evalueringsuitslae behoort die tyd/moeite wat daaraan gespandeer word, te regverdig/reflekteer.
- Die doel is immers om 'n volledige inligtingsprent van 'n leerling se bekwaamhede op te bou.
- Dit behoort deurlopend gebruik/benut te word - nie slegs in stand gehou word nie.
- Daarom behoort leerlingdata maklik verkrygbaar te wees vir die onderwysers.

### 3.2 Balans

"We want a child to achieve as much of his potential as possible, and to develop as a mature and balanced human being."

- 'n Goed gebalanseerde evalueringsprogram behoort voorsiening te maak vir proses- en produkevaluering.
- Anders is die uitslag nie 'n ware/getroue weergawe van leerlinge se bekwaamhede nie.

3.3 Differensiasie

> "You'll have to set real questions
> to get real answers."

- Onderwysers behoort hul evalueringsmiddels af te wissel: mondeling, skriftelik of prakties.
- Evaluering vereis nie altyd net een korrekte antwoord nie - sodat daar ruimte kan wees vir subjektiewe en objektiewe denke.

3.4 Geldigheid/sinvol

> "You'll not fatten a pig by weighing it."

- Ons moet leerling evalueer aan die hand van spesifieke en gebalanseerde moduledoelwitte. (anders gaan diegene met die beste geheues die beste punte kry!)
- Die mikpunt/einddoel bly vaardighede. Daarom behoort spesifieke vakvaardighede op 'n wetenskaplike wyse, individueel en spesifiek, beoordeel te word.

3.5 Kontinuïteit/Progressie

> "Evaluation enables us to compare the actual outcomes
> with the expected outcomes,
> and to arrive at conclusions about this comparison
> with a view to future action ..."
> - Wheeler

- Ons kan slegs deur konstante, deurlopende evaluering bepaal hoe effektief ons onderrig is.
- Sulke diagnosties-remediërende evaluering moedig leer aan - selfs al is die onderrigleersituasie verby.
- Nou weet die onderwyser waar oefeninge/versterking nodig is - sodat swakhede in die volgende module uitgeskakel kan word.
- Die resultate behoort ook met die leerling gedeel te word, sodat hul weet in watter mate hul sukses behaal.

> "It take courage to be creative,
> just as soon as you have an idea,
> your are a minority of one."
> - Paul Torrance

---

My opregte waardering aan dr. Jurie Joubert en Skoolkor vir hulle bydrae tot hierdie artikel.